



Die Nederlandse geloofsbelydenis

Die Reformasie het nie maklik gebeur nie. Dit was nie sonder stampe en stote, sonder diepe innerlike wroeging nie. Aan die een kant was daar die Roomse kerk wat met alle geweld wou vasklou aan mag en beheer. Aan die ander kant het soveel mense tot hulle sinne gekom en besef dat die Roomse kerk op die verkeerde pad was, maar verandering is moeilik. Gedwing deur hul gewetens, het baie gelowiges gekies vir die vervolging wat gepaard gegaan het met die keuse vir die Reformasie. Die Roomse kerk en verskeie lande se konings en owerhede het die Hervormers bloeddorstig vervolg. Dink maar net aan die vervolging in Frankryk en die Hugenote wat weens bloedvergieting hier aan die suidpunt van Afrika kom veiligheid soek het.

Sommige Hervormers het dokumente opgestel wat die Roomse kerk, maar in die besonder die owerhede, moes oortuig dat die nuwe verstaan van die Bybel eintlik die ware en oorspronklike verstaan van die Bybel is. Die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) is een so 'n dokument. Geskryf in 1561 nC was hierdie dokument 'n poging om die Reformatoriese standpunt omvattend en duidelik te stel. Die hoofouteur was Guido de Brès (hy sterf as martelaar in die jaar 1567 nC). Hy het ten doel gehad om Koning Philip II van Spanje te oortuig om begrip te toon vir die Hervormers. Philip II was vasbeslote om alle Protestantse faksies in sy jurisdiksie gebiede uit te roei.

Om dit te vermag, het hy groot moeite gedoen om aan te dui dat die Protestantse standpunt in lyn is met die antieke Christelike standpunt. Hy het ook die verskille tussen die Roomse benadering en die Protestantse standpunt uitgelig.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is die oudste leerstellige dokument van die Reformatore en staan in Engels bekend as die "*Belgic Confession*". Dit na aanleiding van die Latynse benaming vir die dokument, naamlik "*Confessio Belgica*." Die benaming "*Belgica*" het oorspronklik verwys na die geheel van Nederland (noord en suid). *Belgica* het later verdeel in Nederland en België.

Die teks van die NGB is in 1566 by die Antwerpen sinode hersien en weer deur die sinode van Dort in 1618-19. Hierdie geloofsbelydenis het een van die maatstawwe vir ortodoksie geword: Die NGB word wêreldwyd deur Protestantse ampsdraers onderteken om te bevestig dat hulle ortodoks is met betrekking tot hulle teologie.

Die Skietlood gaan in die volgende uitgawes enkele sake in die NGB uitlig en bespreek. Die ideaal is dat die besprekings deel van die groter prentjie sal verhelder.

Artikel 1

DIE ENIGE GOD

Deuteronomium 6:4 *Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE.* Calvyn het beweer dat die sondige mens se verstand 'n afgod fabriek is. Ons wil graag stel dat ons God *so-en-so* verstaan. Teenoor ons verstaan, staan God as Enige Here wat met ons

bemoeienis maak en Homself aan ons openbaar. Artikel een se woorde is vetgedruk en dan volg enkele verklarende gedagtes of teksverse ter illustrasie van die woord of frase aangedui.

Ons glo almal – Daar is baie oor geloof geskryf in vorige uitgawes van Die Skietlood. Ons kan daarmee volstaan.

met die hart en – God spreek hart en verstand aan. Deur met die hart te glo is om met jou hele wese in te staan vir die geloof. Ons kan met die verstand soms afstand skep tussen onself en dit waarmee ons besig is. Die verstand kan doen wat die hart nie kan doen nie, emosieloos afstand inneem. Tog betrek geloof die hele hart.

bely met die mond – Wat ons glo, kan nie anders as om bely te word nie. Dit wat ons glo en vir onself hou, kan duidelik nie onself dwing tot oorgawe nie. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Ware geloof kom tot oortuigde belydenis.

dat daar 'n enige en enkelvoudige – God kan met ander woorde nie verdeel of analiseer word nie. God is nie 'n wese waarvan die somtotaal van die dele 'n Goddelike geheel uitmaak nie. God is nie Vader plus Seun plus Gees nie. God is die enige Here. God is ook nie die somtotaal van Sy eienskappe nie. Ons tel nie eienskappe soos Heilig en Almagtig bymekaar om tot by die somtotaal van Goddelikheid te kom nie. God is Here en gee betekenis aan die attribute wat ons aan Hom toedig.

geestelike Wese is – Johannes 4:24 *”God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.”* God se andersheid kom in hierdie woorde onder andere na vore. God as die onsigbare “Ek is”, is geestelik. God is 'n wese en nie 'n

objek nie. Ons woorde skiet ver tekort en daarom moet ons die goddelike bestaan as “Wese” aandui.

wat ons God noem. Eksodus 3:13-14 *’Daarna sê Moses vir God: “Sê nou maar ek kom by die Israëliete en ek sê vir hulle: ‘Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,’ en hulle vra vir my: ‘Wat is sy Naam?’ wat moet ek dan vir hulle sê?” Toe sê God vir Moses: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israëliete sê: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur.”* Jesaja 44:6-8: *”So sê die Here, die Koning van Israel, sy Verlosser, die Here die Almagtige: Ek is die eerste en Ek is die laaste, buiten My is daar geen God nie. Wie soos Ek is, laat hom dit sê, laat hom sy saak stel en dit aan My voorlê; laat hom 'n verklaring gee van wat gebeur het vandat Ek my volk lank gelede gemaak het en ook van wat sal gebeur; laat hy vertel van die dinge wat kom. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie! Het Ek dit nie van lankal af aan julle verkondig, dit vir julle gesê nie? Julle is my getuies: is daar 'n God buiten My? Daar is geen ander Rots nie; Ek weet van geeneen nie.*

God is groter as Sy grote naam. Ons het na aanleiding van konsensus besluit om hierdie Wese “God” te noem. Soortgelyke situasies speel hulle af in ander tale: Hebreeus – **אלהים** en **יהוה** (Elohim en Jahwe). Latyn – **Dominus** en **Deus** (Here en God); Grieks – **Κυριος** en **θεος** (Here en God) Duits - **HEERE God**.

Na die fundamentele bevestiging dat ons in hierdie een God glo, word eienskappe (attribute) van God gelys wat God se uniekheid teenoor menslike skeppings uitlig.

Hy is ewig, - Dit is ironies dat ons 'n tydswoord gebruik om God se tydloosheid te beskryf. God se interaksie met tyd is 'n komplekse saak wat nie maklik verwoord kan word nie. Ons gebruik van “ewig” moet verstaan word

as 'n poging om hierdie kompleksiteit te beskryf. God bestaan buite tyd, God het tyd en ruimte geskep, God het in tyd ingetree, God is die God van die geskiedenis, God gaan hierdie tyd wat ons in is tot 'n einde laat kom.

onbegryplik,- Die oomblik wat iemand dink dat sy denke God kan omvat, is God nie meer God nie. Die kompleksiteit van God is nie vir ons menslike verstand verstaanbaar nie. Ons kry loerkansies, afbeeldings en vlugtige skaduwees wat ons al klaar in verstomming dompel.

onsienlik,- Eksodus 33:20-23 *“Verder het Hy gesê: Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie. Ook het die HERE gesê: Kyk, hier is 'n plek by My waar jy op die rots kan gaan staan. En as my heerlijkheid verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met my hand oordek totdat Ek verbygegaan het. En as Ek my hand wegneem, sal jy My van agter sien; maar my aangesig kan nie gesien word nie.”* Ons sou graag vir God wou sien. Ons is beperkte wesens en kan nie buite ons beperkinge sien nie, ons sal sterf; indien ons God in al SY heerlijkheid sien.

onveranderlik,- Hoe kan God Sy wese verander? Hoe kan Hy Sy raadsplan aanpas. God is perfek en aan perfeksie kan jy nie verander nie. In dieselfde trant moet ook gestel word dat die menswording van God in Jesus nie aan God verander het nie.

oneindig,- Selfs na ons alles gesien en geleer het, het ons steeds met God te make, met ander woorde daar is soveel meer aan God as die somtotaal van menslike kennis.

almagtig,- In 'n vorige uitgawe is daar oor God se almag geskryf. Die volgende is van belang: Net soos ons

nie die aardse kan idealiseer en dit dan aan die Vader toeskryf nie, kan ons nie byvoorbeeld nie 'n magtige tsunami op steroïedes sit en dit dan almag noem nie. Die Vader se Almag is nie oormag nie.

Die Vader se almag het 'n inhoud wat ons terugvind in die Bybel. Die eerste klassifiseerder is Vader, en daaruit kom Almag na vore. Ons leer die Vader ken en leer dan dat Hy almagtig is. Ons leer en filosofeer nie oor “almag” en kom dan by wyse van gevolgtrekking by “Vader” uit nie. Die Vader se Almag het betekenis in ons lewe en dood. Vir Van Niftrik is hierdie Almag in lewe en dood ons troos omdat Almag groter as lewe of dood is. Almag as verwysend na die Vader, verwys nie na 'n komponent nie. Almag is nie een van die bestanddele van God, saam met liefde, heiligheid skeppings-mag, en geregtigheid nie. Bokant ons begrip is daar die Vader se Almagtige liefde, geregtigheid en heiligheid. 'n Benadering wat die attribute van God (dit wat as goddelik gereken word soos almag, alomteenwoordigheid en alwetendheid) verstaan as onderdele is op 'n dwaalspoor waar selfs verwarrende onlogiese en onmoontlike vrae gestel kan word. Een voorbeeld van hierdie verkeerde benadering, is die vraag of God 'n klip kan skep wat Hy nie kan optel nie. Die harmonie wat ons in die openbaring terugvind, maak bovermelde benadering tot God sinloos.

Die Almag vind ons terug in die openbaring, nie uit iets wat ons in die natuur kan uitvind of ontdek nie. Israel het God se Almag telkens ervaar by verlossing uit een of ander vyandige mag. Ons ervaar die Almag in die besonder met die verlossing uit sonde en dood.

volkome wys,- Die volkome wysheid van God as 'n saak wat ons bely, bring

ons by die punt waar ons stille vrede en berusting vind in God. Menslike wysheid en geleerdheid kom deur God se spoor te volg. Die mees geleerde onder ons het maar 'n klein deeltjie van diè kennis onder die knie. Die mees wyse onder ons is die een wat God absoluut volg. Tog is hierdie wysheid by verre minder as God se allesomvattende wysheid.

regverdig,- Ons definisie van reg en geregtigheid word ingeperk deur ons feilbaarheid en selfsug. Ons verstaan van regverdigheid sentreer telkens rondom eie belang. God as die Een wat waarlik regverdig is, gee aan die

woord sy ware betekenis. Ons kan dit nie ten volle begryp of onder woorde bring nie. Ons weet net dat God se regverdigheid insluit dat ons die dood verdien, maar dat Sy Seun daardie prys betaal het.

goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.- God se goedheid is soveel meer as die volle maat van goedheid. God se goedheid is meer as die somtotaal van alles wat goed is, Hy is die fontein van goedheid wat 'n vloed van goedheid oor ons uitstort, 'n fontein van goedheid wat nooit op sal droog nie.